# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

*God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.*

**2026.20**

Efesiërs 2:10; Miga 6:8; Kolossense 3:17; Matteus 5:13–16; Johannes 15:5, 8

**Missie en Getuienis: Leef 'n betekenisvolle lewe!**

Die meeste van ons is maar doodgewone mense, en dit mag dalk vir jou voel asof jou lewe nie juis veel tel nie.

Dis maklik om net weg te raak tussen elke dag se besig wees. Maar dis nie wat volgelinge van Jesus veronderstel is om te doen nie. Jy hoef nie 'n kerkleier te wees, of as sendeling na ander lande te reis nie om 'n verskil te maak nie. As jy, net daar waar jy jou nou bevind, een mens na die Here toe lei, het jou lewe reeds meer betekenis. Ons lees in Lukas 15, dat daar blydskap in die hemel is selfs wanneer net een sondaar tot bekering kom.

In Efesiërs 2:10 staan daar: *'… God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.'*

Moenie die belangrikheid van dit wat jy doen geringskat nie. Al lyk dit hoe onindrukwekkend. 'n Wonderlike voorbeeld hiervan, is die verhaal van hoe Charles Spurgeon tot bekering gekom het.

Een Sondagoggend, in 1850, het 'n bedrukte, vyftien-jarige Charles by 'n stegie ingedraai opsoek na skuiling teen 'n sneeustorm. Hier het hy homself skielik in 'n klein Metodiste kapel, met net 'n handjievol mense, bevind. Die prediker was heel waarskynlik nog iewers deur die sneeustorm vasgekeer.

Toe dit naderhand begin lyk asof die prediker nie gaan opdaag nie, het daar 'n arm skoenmaker uit die groepie uit opgestaan. Hierdie doodgewone man het uit Jesaja 45:22 gelees, en voortgegaan deur die Skrifgedeelte met sy luisteraars te bespreek.

Volgens Spurgeon kon die man nie eens al sy woorde ordentlik uitspreek nie, maar was dit steeds presies wat hy moes hoor. Deur die krag van die Heilige Gees, het dit op vrugbare grond geval en wortelgeskiet in Charles Spurgeon se hart. Oor daardie dag sou hy later skryf: "There and then the cloud was gone, the darkness had rolled away."

Ons weet wie Charles Spurgeon was, en dat hy duisende mense deur sy prediking bereik het, maar ons weet nie eens wat die skoenmaker se naam was nie. In God se koninkryk het daardie skoenmaker se lewe egter net soveel betekenis gehad as dié van Charles Spurgeon.

Peter Drucker het gesê: "The only worthy goal is to make a meaningful life out of an ordinary one."

Begin vandag daarmee deur Kolossense 3:23 jou lewensleuse te maak: *'Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.'*

En laat jou lewe tel.

- https://www.bybelkennis.co.za/gaan-die-lewe-oor-gelukkig-wees/
- https://www.ekerk.org/post/2018/07/17/die-lewe-is-e2-80-98n-lied-maar-watter-soort-lied
- https://www.ngvishoek.co.za/wat-is-jou-nalatenskap-aan-ander/

Dink bietjie:

- Wie het jou lewe positief beïnvloed?
- Wat het daardie persoon gedoen wat jy nooit sal vergeet nie?
- Wanneer voel jy dat jou lewe werklik saak maak?

*Vir die groepgesprek:*

1. Wanneer voel jy dat jou lewe regtig betekenis het?

2. Wie het al 'n groot positiewe invloed op jou lewe gehad? Waarom?

3. As mense jou oor twintig jaar onthou, waarvoor hoop jy sal hulle jou onthou?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Lees Efesiërs 2:10: Wat leer hierdie vers oor jou identiteit?
   Waarom is dit belangrik om te onthou dat ons uit genade gered is voordat ons goeie werke doen?

2. Miga 6:8: God vra nie ingewikkelde dinge van ons nie. Watter deel van hierdie vers spreek jou die meeste aan?
   Hoe lyk dit prakties om reg te doen in jou werk of gesin?

3. Kolossense 3:17 spoor ons aan om alles tot eer van God te doen. Hoe verander hierdie vers jou kyk op jou daaglikse lewe?
   Hoe kan gewone take deel van jou aanbidding wees?

4. Matteus 5:13-19 stuur ons om smaak aan die lewe te gee. Wat beteken dit om sout van die aarde te wees? Wat beteken dit om lig van die wêreld te wees?
   Hoe kan klein dade van liefde groot verskille maak?

5. Lees Johannes 15:5 en 8: Wat beteken dit om in Christus te bly? Waarom probeer ons soms op ons eie krag leef?
   Watter geestelike gewoontes help jou om naby aan Jesus te bly?

**Praktiese Uitdaging**

Gebruik die woord **LEEF** as jou herinnering:

- **L** – **Luister** elke dag na God in gebed.
- **E** – **Eer** God in alles wat jy doen.
- **E** – **Elke dag dien** ten minste een persoon met liefde.
- **F** – **Fokus** op die mense wat God op jou pad plaas.